# St. Bernadette Soubirous

## 16 April

(1844-1879)

Bernadette se vader was ‘n meulenaar en hulle was so brandarm dat sy nooit eers skool toe gestuur is nie. Op 11 Februarie 1858 was sy besig om brandhout te soek op die oewer van die Gaverivier buitekant die dorpie Lourdes toe die Maagd Maria aan haar verskyn het. Hierdie visioene wat sy ervaar het sou haar lewe geheel en al verander en uiteindelik van Lourdes een van die grootste bedevaartsoorde in die wêreld maak. Aanvanklik moes sy baie wantroue van die dorpenaars en ook die Kerklike owerhede verduur voordat die egtheid van haar visioene bevestig is. In 1866 gaan woon sy by die Susters van Notre Dame in Nevers en sluit later by hulle aan. Sy wou nooit munt slaan uit die merkwaardige dinge wat met haar gebeur het nie en het geen belangstelling gehad om ’n bekende persoonlikheid te word nie. Toe die groot basiliek in 1879 in Lourdes ingewy is, het sy geweier om die vieringe by te woon. Binne haar klooster is sy baiekeer misverstaan en sleg behandel. Sy het aan asma gely en was haar hele lewe lank baie sieklik en dikwels in vreeslike pyn. Sy sterf op die jong ouderdom van 35-jaar.

© Die Oratorium Uitgewery